

8 MAART

SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 6:9 e.v.; GALASIËRS 4:4-7
FOKUSGEDEELTE: HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 46;
1 JOHANNES 3:1

Christus lei ons na ons Vader

Op die vraag van sy dissipels dat Hy hulle moet leer bid (Luk. 11:1), kom Jesus Christus met 'n verrassende antwoord: Hy, die eniggebore Seun van God, Hy wat self God is, Hy leer sy dissipels om die gebed te begin met "Ons Vader". Hieroor kan en moet ons net dankbaar en bly wees:

- *dankbaar en bly* omdat ons wat swak is, God – die ewige, almagtige God, wat alles geskep het – "ons Vader" durf noem;
- *dankbaar en bly* omdat ons kan seker wees ons is sy kinders deur Jesus Christus (Ef. 1:5);
- *só dankbaar en bly* dat ons dit nie eers met woorde kan beskryf nie (1 Joh. 3:1);
- *dankbaar en bly* wanneer ons weer kyk na Galasiërs 4:6-7: "En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!"

Wat 'n *liefde* en *genade* van God dat die Heilige Gees Self in ons uitroep: "Abba!" ("Abba" is 'n intieme, vertroulike manier om 'n mens se pa aan te spreek, soos wat 'n klein kindjie sy pa sou noem.)

Wat 'n *wonderlike liefde*, 'n liefde waarvan ons almal, ook die klein kindertjies, moet vertel – deur ons lewe, die voorbeeld wat ons stel en die daaglikse huisgodsdien, waar ons die Bybel lees en bid en psalms saamsing.

Wat 'n *onbeskryflike genade van God* –

- dat Hy deur Christus ons Vader geword het;
- dat Hy sy Gees in ons harte stuur (Gal. 4:6), sy Gees wat in ons roep: "Vader!"
- dat óns tot Hom as "ons Vader" kán bid;
- dat óns tot hom as "ons Vader" móét bid.

Wat 'n *wonderlike liefde en genade*, dat ons kan gló en dit ook kan sê, kan bely: Deur Christus is God ons Vader – en dít is die grond van ons gebed. Daarom kán en móét ons bid: "Ons Vader ..."

Sing: Psalm 89:11 (1936-beryming)

Dr Victor d'Assonville (Colesberg/Philipstown)